

Saterdag 13 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:25-32

Fokusgedeelte: Lukas 15:29;
Heidelbergse Kategismus 33:90

'n Lus en liefde vir die wil van God

As daar by ons 'n hartlike vreugde in God deur Christus is, dan kan ons nie anders nie as om God se wil met lus en liefde te doen.

Dit is 'n saak wat veral in Psalm 119 sterk na vore kom. By herhaling sê die digter dat hy met vreugde die Here se wet gehoorsaam. Dit beteken vanselfsprekend dat dit vir hom 'n lus en liefde is om God se wil te doen. In die berymde Psalm 119:14 bring die digter dit só onder woorde: "Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy: / daaraan dink ek, / daarna soek ek, / daarin, Heer, verdiep ek my." Dit beteken tog baie min as ons God se wil doen iemand wat kos met lang tande eet.

Van mense wat God se wet sonder lus en liefde onderhou, is die Fariseërs, soos afge-beeld in die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15), 'n duidelike voor-beeld. Hierdie seun was altyd by sy pa. Hy het al die voorregte van 'n kind geniet, maar dit nooit waardeer nie. Trouens, hy was wel *in* die ouerhuis, maar het geen liefde *vir* die ouer-huis gehad nie. Daarom het hy al die werk wat hom opgedra is, getrou gedoen, maar bloot uit *plig* en nie uit *liefde* nie. Hy het sy pa ook nie as *vader* beskou nie, maar as 'n *baas* vir wie hy moet werk. Gevolglik het hy homself nie as 'n *kind* beskou nie, maar as 'n *kneg*, en boonop as 'n *veronregte kneg*, want die ander knegte kry 'n loon, maar hy nie. As hy dan aan sy pa sê: "Al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa" (15:29), dan word dit verder duidelik dat hy net die *plig* van 'n slaaf ken en nie die *liefde* van 'n kind vir sy vader nie.

Presies so het die Fariseërs opgetree. Hulle was stiptelik aan God se gebooie gehoor-saam – nie uit liefde nie, maar uit plig – om God as't ware te dwing om van hulle getrou-heid kennis te neem en hulle daarvoor met die ewige lewe te beloon. Hulle vind geen vreugde in die diens van die Here nie, maar wil met hulle pynlike gehoorsaamheid vir hulleself 'n verdienste by God verwerf.

In so 'n diens van die Here het Hy egter geen behae nie. Jesaja het as mondstuk van die Here die veruitwendiging van die godsdiens reeds skerp veroordeel (Jes. 29:13). En met 'n beroep op die uitspraak van Jesaja sê Christus van die hartelose en liefdelose godsdiens van die Fariseërs: "Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af" (Matt. 15:8).

In die lig hiervan kan ons alleen werklik deel hê aan die opstanding van die nuwe mens as deel van die ware bekering as daar ook by ons 'n lus en 'n liefde is om na die wil van God te lewe. Natuurlik weet ons dat terwyl ons nog hier op aarde is, die sonde steeds sal probeer om ons lus en liefde vir die diens van God te demp. Daarom moet ons biddend daarna streef om God met vreugde en liefde te dien (Rom. 7:22).